NAGMAAL

Aangrypende boodskap wat Broer Pearry vir ons gegee het nou net uit die Woord van God. Hoe waar is dit dat "Ons God beperk en God se tyd bepaal; en Hy's Ewig, ons kan dit nie doen nie." So vanaand staan daar nou iets anders voor ons, dis nagmaal.

2 Vir drie jaar het ek gewag dat daar 'n kerk in Tucson moes kom, maar dis hier. Ja, ons is—ons is hier. So ons dank die Here, Hy laat ons net wag totdat ons dit nou kan waardeer.

3 Nou, daar's een ding wat ek sou wou sê net voor ons die nagmaal begin, dit is, dat ek glo ons genoeg gesien het in ons dag waarin ons lewe, dat ons regtig ons (aller) hele wese aan God behoort te gee. Ons—ons behoort God werklik te dien. Ek glo dat Hy ons gesëen het met die direkte antwoord op die Skrif. Soos Broer Pearry dit 'n paar oomblikke gelede gegee het, dat ons—ons is—ons is by daardie tyd. Ons is nie blind nie, ons—ons—ons sien dat ons hier is, ons—ons het gearriveer.

4 En ons kan ook rondkyk en die manier sien wat die menslike verstand besig om die mense te verlaat, dat, ons—ons nie veel langer kan bly nie, ons sou in 'n totale kranksinnige inrigting wees, die hele wêreld sou wees. Sien? So ons—ons is by die endtyd.

5 Nou, soos Broer Pearry daar geëindig het, siende dat hierdie dinge waar is, sien dat hulle waar is, hulle is nie mite nie. Hulle is nie net iets wat ons ons verbeel nie. Hulle is iets wat direk vanaf die Woord van God aan ons gegee is en openlik voor ons gemanifesteer is, dat ons weet ons is hier. Ons—ons weet nou nie hoe lank nie, want weer kom ons terug na 'n waak, julle sien, watter tyd dit is. Maar ons is . . . ons weet ons—ons is hier, ons is by die tyd. Of God se tyd, ek sou dink . . .

6 Iemand het eenkeer 'n klein analise gegee wat gesê het dat as God hom moes verdra volgens . . . as Hy tyd moes toeken, een—eenduisend jaar is net een dag. So as 'n man sewentig jaar oud geleef het, sou dit net 'n paar minute van God se tyd wees. Sien? Wel, en sê dit sou veertig jaar wees, dit sou nie eens tyd beteken het nie, kwalik, Hy kon Sy oog knip. Sien? Sien, dis net hoe vinnig dit is, die hele ding, as dit tyd toegeken sou word; wat, Hy het nie enige tyd nie. So Hy is net Ewig.

7 Ek dink dit was Sarah daaragter . . . of, nee, was Joseph, wat nou die aand, vir my en Broer Pearry gesê het. Hy het gesê: "Pappa, waar, wanneer het God op die toneel verskyn? Waar het Hy vandaan gekom?" Sien? "Hy moes 'n begin gehad het, moes Hy nie? Moes Hy nie begin het nie?"

8 Ek het gesê: "Nee. Enigiets wat 'n begin gehad het, het 'n einde, maar dis dit wat nie 'n begin gehad het nie, wat geen einde het nie." Maar, natuurlik, hy's tien jaar oud, dit was soort van 'n —'n hele mondvol vir hom. Sien? En hoe kon hy dit ontvang, om te weet dat iets nooit begin het nie? Nie net vir hom nie, dit is vir my. Nou, kyk, dis net 'n yslike groot dosis vir my, hoe dit ooit begin het.

9 Nou maak ons gereed om iets hier te sien wat regtig heilig is.

10 Ek was uitgeroep 'n paar dae gelede, na 'n paar baie gawe Christenhere wat—wat dit nooit gehad het nie, en hy het verstaan dat ons nagmaal letterlik geneem het. Hulle neem dit wat hulle noem "geestelike nagmaal." En wat, wat *geestelike gemeenskap*, betref, sou ek sê goed, want *gemeensaam verkeer* is "om mee te praat," sien. En die broer het vir my hierdie Skrif gegee, gesê: "Broer Branham, dink jy nie nou . . . "

11 Nou, hoekom ek hierdie sê . . . Is goed so, Broer Pearry? [Broer Pearry Green sê: "Sekerlik."—Red.] Sien, daardie rede sê ek dit, sodat julle sal verstaan wat julle doen. Jy doen nie . . . as jy blindelings in enigiets inloop, weet jy nie waar, wat jy doen nie. Jy kan nie eens vertroue hê as jy nie weet wat jy doen nie. Maar jy moet verstaan wat jy doen en hoekom jy dit doen.

12 Hy het gesê: "Nou as ons die Woord van God neem, is dit nie God wat ons neem nie?"

13 Ek het gesê: "Presies reg, meneer, dis waar. Maar ons lees hier dat hulle inderdaad . . . Paulus het die neem van die letterlike Nagmaal onderrig. 'Doen dit tot My gedagtenis,' het Jesus gesê. 'So dikwels as julle dit neem tot My gedagtenis, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.'" Sien? Nou, ons moet dit neem.

14 Ons verstaan dat Paulus, wat dit in die Kerk verordineer het, wat die profeet van die Nuwe Testament was. Petrus, Jakobus, Johannes, almal van hulle, hulle het geskryf (tot, Matthéüs, Markus, Lukas) wat Jesus gedoen het, as skrywers. Maar Paulus het die ding ge-orden, hy was die—hy was die profeet van die Nuwe Testament. Net soos Moses in die wildernis ingegaan het om die inspirasie te ontvang om die—die vyf Boeke van—van . . . die eerste vyf Boeke van die Bybel te skryf, wel, Paulus het ook na die woestyn ingegaan en inspirasie van God ontvang, om die Nuwe Testament Kerk te orden en Dit te tipeer met die Oue.

15 Daaronder het hulle die offerlam gehad, wat Israel dit vir 'n herdenking gehou het. Komende uit Egipte, was dit werklik eertyds gebruik. Maar toe het hulle dit as 'n herdenking gehou regdeur die hele eeu. Wel, "as die wet 'n skadu was van dinge wat sou kom," julle sien.

16 Nou, ek glo wel dat *nagmaal* (wat ons "nagmaal" noem, nou) is om . . . is "die Avondmaal."

17 Nou, daar is net drie fisiese Goddelike opdragte vir ons nagelaat: een daarvan is—is nagmaal; voetewas; waterdoop. Dis die enigste drie dinge. Dis die volmaaktheid, van die drie, sien. En dis die enigste drie opdragte wat ons het. Ons besef dat dit die uitreiking was wat deur Paulus gegee is in die Nuwe Testament.

18 Nou, as ons sou sê "die nagmaal moet net die neem van die Woord wees," ek glo nie enigiemand het die reg om die Nagmaal te neem alvorens hy die—die Woord van die Here in sy hart ingeneem het nie. Sien? Want ek gaan . . . Ek sal iets vir julle lees binne 'n paar oomblikke en dan sal julle sien. Nou, let op. Dan, hoekom sal ons—sal ons dan . . .

19 Op dieselfde grondslag sou ons dan absoluut die Heilslëer kon regverdig. Hulle glo nie in enige vorm van waterdoop nie, het gesê: "Ons het dit nie nodig nie." Nou, as ons nie waterdoop nodig het nie, hoekom word ons gedoop? Gesê: "Die water kan jou nie red nie, die Bloed red jou."

20 Ek sal daarmee saamstem. Dit—dis reg, die Bloed red jou, nie die water nie. Maar ons *moet* die water neem as 'n uiterlike emosie dat daar 'n innerlike werk van genade gedoen is. Sien? So ook moet ons by nagmaal!

21 Wanneer ons die Here, ons Offer, in ons ingeneem het, as 'n saak van geestelike Geboorte binne-in ons, en Sy Liggaam, ons deur Hom deur die Woord leef, moet ons dit ook simboliseer, want dis 'n opdrag. "Bekeer, en word elkeen van julle gedoop in die Naam van Jesus Christus vir die vergewing van julle sondes."

22 Paulus het gesê: "Ek het ontvang van die Here dit wat ek ook aan julle oorgelewer het, 'Dat die Here Jesus, dieselfde aand waarop Hy verloën is, brood geneem het, en dit gebreek en dit aan die dissipels gegee het, en—en gesê het: "Neem en eet, doen dit tot My gedagtenis." Want so dikwels as julle hierdie brood neem, verkondig julle Sy dood tot Hy kom.'" Nou vind ons uit dat, daarin, het hulle mense gehad wat gekom en . . .

23 Hierdie dierbare broer, 'n baie liewe broer, hy het gekom en hy het gesê: "Ek het nog nooit—ek het dit nog nooit geneem nie, Broer Branham, ek verstaan nie wat dit is nie." Gesê: "Ek is die anderkant geleer."

24 Ek het gesê: "Maar onthou, ons sal erken dat Paulus dit in orde gestel het in die vroeë Christen Kerk. Hulle het gegaan van kerk . . . van huis tot huis, die brood gebreek in eensgesindheid, ensovoorts. Nou," het ek gesê: "hy het dit in die Kerk gesit. Galásiërs 1:8, het hy gesê: 'As 'n engel uit die hemel kom en enigiets anders sê, laat dit vervloek wees,' julle sien, sien, dieselfde een wat hulle weer laat herdoop het van die doop van Johannes, om gedoop te word in die Naam van Jesus Christus."

25 Julle sien, daar is drie dinge wat ons moet—drie dinge wat ons moet doen as simbole: die Nagmaal, voetewas, waterdoop. Sien? Daar's . . .

26 Julle sê: "Wel, die . . . " Nou, die Heilsleër neem dit vanaf die oogpunt: "Die sterwende dief, toe hy gesterf het, was hy nog nie gedoop nie, en tog het Jesus gesê hy sou in die Hemel wees." Dis presies die waarheid. Dis presies. Maar, julle sien, hy—hy—hy het Jesus eers daar in sy sterwens-uur herken. Sien? Dis die enigste—dis die enigste geleentheid wat hy gehad het. Hy—hy was 'n dief, hy was weg, hy was uit. En hy, sodra hy daardie Lig gesien het, het hy Dit herken: "Here, onthou my!" En Jesus . . . Dit was waar.

27 Maar aan jou en my wat weet dat ons gedoop moet word, en weier om dit te doen, dan sal dit tussen jou en God wees. Dieselfde ding in nagmaal!

28 Nou, wanneer ons hierdie nagmaal neem, is dit nie net die ding sê: "Ek kom hiernatoe en gaan 'n bietjie brood eet, en ek sal glo ek is 'n Christen," nie. Maar, as julle opgelet het, die Bybel het gesê: "Hy wat *onwaardig* eet en drink, sal skuldig wees aan die Bloed en die Liggaam van die Here." Sien? Jy moet 'n lewe lei wat—wat . . . voor die mense, wat . . . en voor God en die mense, wat wys dat jy—dat jy opreg is.

29 Nou, net 'n oomblik langer. Nou, in die Ou Testament toe die offer 'n—'n insetting of 'n verordening gemaak is. En so is waterdoop ook 'n verordening; so is voetewas ook 'n verordening; so is die nagmaal ook 'n verordening. "Gesëend is hy wat al Sy verordeninge doen, al Sy insettinge onderhou, al Sy gebooie, dat hy 'n reg kan hê om die Boom van die Lewe binne te gaan."

30 Nou, let nou op hierin nou, dat in daardie eerste, toe dit eers 'n verordening van God was om 'n offer na die kerk te bring, en na die tempel en die altaar, en jou gawe te offer, en—en vir jou sondes, die offer van 'n lam. Wel, ek kan my net voorstel 'n Joodse broer kom met die pad af, wat weet dat hy skuldig is, en hy gaan na die altaar; of bring sy vet os of bulkalf, of wat ook al hy gehad het, of 'n ram, lam, iets. Hy het dit afgebring met die pad net so opreg soos hy kon kom, hy het opgeloop soontoe, en God se verordening onderhou net so opreg as wat hy kon.

31 Dan het hy sy hande daarop gelê, sy sondes bely, en die priester wat dit (sy sonde) plaas op die lam, en die lam se keel was afgesny, en—en het dan vir hom gesterf. En hy het daar gelê, die klein lammetjie wat skop en bloei, sy hande wat vol bloed is, en dit wat oral oor hom vlieg, (die klein lammetjie blêrende, sterwende), hy sou besef dat hy gesondig het en iets moes sterf in sy plek. Daarom, het hy hierdie lam se dood geoffer vir sy dood. Sien, die lam het in sy plek gesterf. Dan het die man dit in opregtheid gedoen, uit die diepte van sy hart.

32 Uiteindelik, oor en oor het dit weer gegaan, oor en oor het dit bly voortgaan totdat dit uiteindelik 'n tradisie geword het. Die gebod van God het 'n tradisie vir die mense geword. En toe hier kom hy af: "Wel, laat ons sien, dit is *so-en-so* vandag, miskien moet ek maar liewer afgaan. Ja, ek beter 'n—'n bulkalf offer." Hy

het afgegaan: "Wel, Here, hier's my bulkalf." Sien, daar's geen opregtheid daarin nie, daar's geen begrip daarvan nie.

33 Nou, ons wil nie so nagmaal neem nie. Dis dieselfde ding wat geword het van die Nagmaaltafel.

34 Jesaja 35...Nee, verskoon my. Jesaja 60...Laat ek dit terugtrek. Ek—ek—ek dink dis Jesaja 28, is waar ons hierdie kry. Ek's redelik seker dis die regte hoofstuk. Hy het gesê: "Gebod moet op gebod wees; en reël op reël op reël; hier 'n bietjie, daar 'n bietjie. Hou vas aan dit wat goed is. Met hakkelende lippe en vreemde tonge sal Ek met hierdie volk spreek. En dit is die Rus."

35 Hy het gesê: "Al die tafels van die Here het vol braaksel geword. Vir wie kan Ek Doktrine leer? Vir wie kan ek laat verstaan?" Sien? Ek dink dit was die regte Skrif, Jesaja 28. "Vir wie kan Ek Doktrine laat verstaan?" Sien, "die tafels."

36 Nou, ons vind vandag uit dat hierdie groot ding wat ons gereedmaak om te doen vanaand, tot gedagtenis van Sy dood en Sy Liggaam wat ons glo ons daagliks eet, of, net klaar geëet het soos ons broer vir ons gepreek het. Die Woord van God neem, ons glo Dit met ons hele hart. Ons sien Dit gemanifesteerd; ons sien Dit aan ons gegee; ons sien Dit bevestig; ons voel Dit in ons lewens. En ons moet hiernatoe kom met 'n diep gewete van wat ons doen, nie net omdat dit 'n opdrag is nie.

37 Jy gaan die kerk binne, en baiekeer gee hulle 'n ou sodabeskuitjie of 'n sekere soort van 'n—'n iets, breek dit stukkend, en ligte brood of—of iets, en—en breek dit stukkend; en mense wat rook, drink, alles anders, omdat hulle 'n lid van die kerk is kom hulle en neem die Nagmaal. Wel, dis smerigheid voor God!

38 Selfs die offer, het gesê: "Julle heilige dae en julle offer het 'n stank in My neus geword." Tog het Hy hulle verordineer om daardie offer te maak. Maar omdat hulle dit so behandel het, het dit 'n stank geword, stink in Sy neus (Sy neusgate), die einste offer wat Hy verordineer het.

39 Dis hoe ons die Woord van God neem, te veel Christene vandag (sogenaamd) doen dit. Ons staan hierbo en onderrig hierdie Woord, en sê: "Jesus Christus is nie dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid nie," en onderrig die dinge wat Hy ons belowe het Hy sou eer, en sê: "O, wel, dit was vir iets anders," ons plegtige aanbiddinge word net 'n stink in Sy neus. Hy sal dit nie aanvaar nie, onder geen omstandighede nie. Dis die rede, volgens ons tradisionele gewoontes!

40 Jy neem nie die Nagmaal volgens 'n tradisie nie. Jy neem dit omdat dit die liefde van God in jou hart is, in die onderhouding van die gebooie van God. Sien, dis waaroor jy dit neem.

41 So as jy dit nie in opregtheid neem nie, is dit net 'n tradisie: "Wel, ons kerk hou nagmaal een keer elke Sondag, of een keer

elke maand, of twee keer 'n jaar," en jy gaan op, sê: "Wel, dis my beurt," en—en neem dan die nagmaal, wel, dis 'n stank vir God! Sien, dis net 'n tradisie.

42 Selfs soos enigiets anders, jy—jy moet opreg wees. God wil die dieptes van jou hart hê. Onthou julle, die einste God wat julle hier op aarde gebring het, is die Een vir wie julle dien. Sien?

43 Julle doen dit omdat Hy so gesê het, omdat dit Sy opdrag is. Dan wil ons opkom met diepe opregtheid, wetende dat ons deur God se genade gered is. En ons—ons het Hom lief en ons het Sy Teenwoordigheid gevoel, en ons—ons het Dit ons lewens sien verander. Ons—ons hele wese is verander. Ons—ons—ons is verskillende mense. Ons lewe nie soos ons eers het nie, ons dink nie soos ons eers het nie.

44 Soos in die Boek hier, en die plek daar waar ons gepraat het oor die—die twee Boeke wat Een is, die Boek van die Lewe. Die eerste Boek van die lewe wat opgekom het, was toe jy gebore is, dit was jou natuurlike geboorte. Sien? Maar toe eentyd, ver terug daar agter in, was daar 'n klein kiem van die Lewe soos ek verduidelik het aan sommige van die jong susters by die huis vanmiddag. Sien, daar's 'n klein kiemetjie van die Lewe wat daar lê, wat jy wonder, "Waar het Dit vandaan gekom? Wat—wat hierdie vreemde dinge?"

45 Ek het dit gesê, myself geneem, soos wat jy sou sê: "William Branham, wel, veertig jaar gelede, die William Branham, dit is nie dieselfde een vanaand nie." As iemand lank terug sou sê: "William Branham, hy was 'n regte vabond," sien, want hy was gebore uit Charles en Ella Branham. In hulle natuur was ek 'n sondaar, ek het na die wêreld gekom, as 'n leuenaar, en al die gewoontes van die wêreld het reg binne-in my gelê. Maar daar onderin, was daar ook 'n ander Natuur teenwoordig, sien, voorbestem, was daarin gewees deur God. In hierdie selfde liggaam, sien, twee nature daarin.

46 Wel, ek het net een gevoed. Soos dit gegroei het, het ek gekoer soos 'n baba, "Pap-pa." Eerste ding wat jy weet, word ek 'n leuenaar, alles anders geword wat 'n sondaar is, omdat ek so grootgeword het. Maar daar onderin was, al die tyd, 'n klein stukkie Lewe.

47 Ek sou onthou, as 'n klein seuntjie . . . (Ek hoop nie ek hou julle te lank nie. Maar wetend . . .) Gesit buite in die . . . op—op die stroomwal, en ek sou daar sit ek rondkyk teen aandtyd. Pa en ma, hulle het nou heengegaan na hulle rus. En daardie dae was hulle sondaars, daar was glad geen Christelikheid in ons huis nie. En, o, goeiste, drinkery, en partytjies, en aanganery; dit het my siek gemaak, ek sou my—my lantern en my hond vat en woud toe gaan, en heelnag daar bly. In die wintertyd sou ek jag tot die partytjie verby was, miskien daglig in die môre. Huis toe gekom,

sou nie oor wees nie, ek het bo-op 'n skuur gelê en slaap, gewag vir die daglig om te breek.

48 Dan sou ek dink aan hoe daardie tye, toe daarbuite gewees het in die somertyd, my stokke kry en hulle neersit vir 'n klein windbreek, waar as dit gereën het; daar gelê en die stokke gehad het wat in die water staan, visgevang; my ou wasbeerhond wat daar lê. Ek sou sê: "Kyk hier. Jy weet verlede winter het ek net hier gekamp een aand, ek het 'n vuur gebou net hier terwyl ek gewag het vir my hond hier om in die boom te jaag, en ek het 'n vuur hier gehad. Dit was vyf duim diep gevries in die grond. Maar, klein blommetjie, waar het jy vandaan gekom?" Sien? "Wel, en waar het jy vandaan gekom? Wie het uitgekom en jou hier kom plant? En uit watter kweekhuis het hulle jou gebring? Of—of wat daarvan, waar het jy vandaan gekom?" Sien? Daardie klein blommetjie, ek sou sê: "Wel, dit was gevries, en alles, en ek het 'n vuur hier bo-op gebou. Behalwe die bevriesings-element, was daar 'n hitte-element wat hier gelê het op 'n groot ou stomp waar ek jou gebrand het. En tog is jy nou hier, en jy is lewendig. Waar het jy vandaan gekom?"

49 Wat was dit? Daar was 'n ander William Branham. Sien? 'n Klein kolletjie Ewige Lewe daaronder, vanaf die—die—die gene van God, die Woord van God wat daarin geplaas is. Elkeen van julle kan dink aan soortgelyke dinge. Sien, Dit was aan die werk.

50 Dan opkyk na die bome, en ek dink: "Blaar, ek het jou sien afval verlede jaar, en hoekom is jy weer terug daar? Waar het jy vandaan gekom? Wat het jou hiernatoe gebring?" Sien, Dit was daardie Ewige Lewe wat in die liggaam werk.

51 Nou, toe eendag soos ek aangestap het, daardie Stem wat praat: "Moet nooit rook, drink, sovoorts." En die jong kêrels en almal het ouer geword. Sien, daar was Iets aan die beweeg.

52 Maar tog meteens het ek opgekyk, en het ek gesê: "Ek is nie die seun van Charles en Ella Branham nie. Daar's Iets wat roep." Soos my klein arend: "Ek's nie 'n hoender nie. Daar's Iets daarbo, iewers. O Groot Jehova, Wie U ook al is, maak oop! Ek wil huis toe kom. Daar's Iets in my, wat roep."

53 Toe is ek wedergebore. Daardie klein Lewetjie het daar gelê, die lewe van water is Daarop uitgegiet, toe het dit begin groei. Nou, daardie ou lewe was vergewe, geplaas in die see van God se vergetelheid, om nooit weer teen my onthou te word nie. Sien? Nou staan ons geregverdig (asof ons nooit gesondig het nie) in die Teenwoordigheid van God.

54 Wanneer ons dan kom na die Nagmaaltafel, moet ons kom in eerbied, liefde en respek, van "Kyk waar ons sou gewees het as dit nie vir Hom was nie." Sien? Kyk waar dit sou . . .

55 Daarom, dink ek, het Paulus, dit gesê: "Daarom, wanneer julle saamkom om te eet, wag vir mekaar." Dit is, ander woorde, wag net 'n paar minute, bid, ondersoek jouself. En as jy weet 'n

broer is daarbinne, net omtrent gereed om iets verkeerds, of iets, te doen, en bid jy vir hom, ook. Sien? Sien: "wag vir mekaar," wag net 'n oomblik, bid. As daar enige gevoelens tussen julle is of iets, moenie—moenie dit doen nie—moenie dit doen nie, gaan maak dit eers reg. Sien? Gaan maak dit eers reg, want ons wil net so suiwer hiernatoe kom as wat ons kan wees, en ons gedagtes van mekaar en teenoor God, en teenoor mekaar, en dan kom ons in gemeenskap rondom die tafel van die Here. Sien?

56 En ons doen dit omdat ons dank aan Hom gee, en onder mekaar. Die brood onder mekaar eet, die wyn onder mekaar drink, as Sy Bloed en Sy Vlees.

57 "As julle nie die Vlees van die Seun van die mens eet en Sy Bloed drink nie, het julle geen Lewe in julle nie." Sien? Julle sien, dis wat die Bybel gesê het. As julle dit nie doen nie, is daar geen Lewe nie. Sien julle? Julle wys dan, min of meer, dat julle skaam is om julleself as 'n Christen te identifiseer, as gevolg van die lewe wat julle lei. En dan is dit regtig die deurslaggewende konfrontasie. Dan as jy dit nie doen nie, het jy geen Lewe nie. As jy dit onwaardig doen, is jy skuldig aan die Liggaam van die Here.

58 Selfde ding in waterdoop. As ons sê: "Ons glo aan Jesus Christus, Hy het ons gered van sonde, en ons is gedoop in die Naam van Jesus Christus," wel, ons bring—ons bring oneer aan Hom, ons doen die dinge wat verkeerd is en ons—ons sal daarvoor moet betaal. En nog 'n ding, wanneer ons dit doen, probeer ons een ding bely en 'n ander doen.

59 Dis die probleem met ons vandag. Wat ek dink . . . Ek sê, "ons," ek, en die kerk wat die Here God my mee laat praat het in hierdie laaste ure, dat ons glo ons is in die sluitingstyd. Ons glo dat God vir ons 'n Boodskap gegee het. Dis verordineer deur God, Dis bewys deur God, Dis gewys deur God. Nou moet ons na Hom toe kom met eerbied en met liefde, en met—met suiwerheid van hart en verstand en siel.

60 Julle weet, die uur sal binnekort kom wanneer—wanneer reg onder ons sal wees . . . die Heilige Gees sal uitspreek soos Dit het in Ananias en Saffira. Onthou, sien, daardie uur is aan die kom. Sien? En ons is . . . Nou, onthou julle dit net, sien, dat God onder Sy mense gaan woon. Dis wat Hy nou wil doen.

61 Ons kan die Boodskap ontvang, asof dit sê . . . As ek 'n jong man was en—en op soek na 'n vrou, en ek kon 'n vrou vind, ek het gesê: "Sy's net perfek. Sy's 'n Christen. Sy's 'n dame. Sy's dit alles, ek het vertroue." Maak nie saak hoeveel vertroue, hoeveel ek dink sy's gaaf nie, ek moet haar ontvang, sy moet my ontvang; sien, op hierdie beloftes.

62 Wel, dis dieselfde ding wat ons vind is die Boodskap. Ons sien Dis reg. Ons sien God bewys Dis reg. Dis perfek reg. Jaar na jaar, jaar na jaar, gaan Dit reg voort, reg voort. Alles wat Dit

sê, gebeur net presies soos Hy gesê het. Nou, ons weet Dis reg, maar, sien, moet dit nie vanaf 'n intellektuele standpunt doen nie. As jy dit doen, het jy 'n tweedehandse godsdiens. Sien? Ons wil nie 'n tweedehandse godsdiens hê nie, iets wat iemand anders dit ondervind het en ons lewe vanaf—vanaf hulle getuienis nie.

63 Soos ek glo dit Jesus was wat vir Pilatus gesê het, iets, 'n woord wat ek gedink het, en Hy daar gesê het net 'n paar oomblikke gelede: "Wie het dit vir jou gesê?" Of: "Was dit aan jou geopenbaar? Hoe het jy hierdie dinge geweet?" met ander woorde. Ek weet nie nou presies watter woord dit is nie, ek het dit lank laas gelees, maar: "Hoe het jy—hoe het jy dit geweet? Wat? Hoe? Wie het dit aan jou geopenbaar?" Dat Hy die Seun van God is. "Wie het dit aan jou geopenbaar? Het een of ander mens dit vir jou vertel? Of," soos Jesus gesê het: "is dit My Vader in die Hemel wat dit aan jou geopenbaar het?" Sien? Sien? "Hoe het jy dit geleer, 'n tweedehandse of is dit 'n perfekte openbaring van God af?"

64 Is hierdie nagmaal net iets waarvoor ek opgaan, 'n opdrag, sê: "Wel, die res van hulle neem dit, ek sal ook"? Dis 'n openbaring dat ek deel is van Hom en ek is deel van julle, en ek het julle lief en ek het Hom lief, en ons neem dit saam as 'n simbool van ons liefde vir God, en ons liefde en gemeenskap vir mekaar.

65 Nou wil ek iets uit die Skrif lees. En dan reken ek . . . Waar het julle . . . Watter manier ook al Broer Pearry verlang vandag. Ek wil hê julle moet dit saam met my lees, as jy jou Bybel het. Een Korinthiërs, die—die 11de hoofstuk, en begin met die 23ste vers.

66 En dan ook, by ons tabernakel, het ons altyd hierdie en die voetewas onderhou, altyd, want hulle gaan hand-aan-hand saam. Ek glo die broer het dit afgekondig "Woensdagaand" as gevolg van die skares en omdat julle nie genoeg het om . . . ruimte het om die mense in te kry vir die voetewas nie, gaan hulle dit Woensdagaand hou—hou.

67 Nou, 23ste vers van die 11de hoofstuk van Een Korinthiërs, luister nou na Paulus. Onthou nou, en hou dit in gedagte, Galásiërs 1:8: "As ons of 'n engel uit die hemel enige ander evangelie aan julle verkondig," (as hierdie Evangelie wat hy gepreek het) "laat hom 'n vervloeking wees." Sien?

> *Want ek het van die Here ontvang wat* ek ook *aan julle oorgelewer het, Dat die Here Jesus in die nag waarin hy verraai is, brood geneem het:*
>
> *en nadat Hy* gedank het, *het hy dit gebreek, . . . en gesê, Neem* en *eet: dit is my liggaam, wat vir julle gebreek word: doen dit tot my gedagtenis.*

68 Nou, laat ek net hier stop, om te sê: maar om die liggaam van die Here Jesus Christus in hierdie nagmaal te neem, beteken nie dat daardie nagmaal die *letterlike* liggaam van Christus is nie. Dis Katoliek. Ek glo nie dis reg nie. Ek glo dis net 'n verordening

wat God met ons gemaak het, sien, dit is nie die werklike liggaam nie. Dis . . . Nou, dis eintlik maar 'n stukkie kousjer brood. Dis net 'n verordening.

69 Ek glo ook nie dat die doop van Jesus Christus (in die Naam van Jesus Christus) in water jou sondes vergewe nie. Ek glo nie dat jy . . . Ek glo dat jy heeldag lank gedoop kan word . . . Nou, ek weet daar's miskien mense wat hier sit wat van die Apostoliese kerk, ek bedoel, of die Verenigde Pinksterkerk af kom, waar hulle dit leer. Maar, julle sien, ek—ek glo nie dat die water sondes vergewe nie. Of, as dit het, dan het Jesus tevergeefs gesterf. Sien? Ek glo dat dit net 'n verordening van God is, sien, om te wys dat jy vergewe is. Maar om gedoop te word vir wedergeboorte, nee, ek—ek—ek glo dit nie. Ek glo nie dat water sondes vergewe nie.

70 Ek glo ook nie dat hierdie brood en wyn enigiets te doen het met jou nie, slegs die onderhouding van 'n verordening wat God ons verordineer het om te doen. Sien? Dis reg. Ek glo die waterdoop is dieselfde. Ek glo dis verpligtend vir ons om dit te doen, dat Hy dit alles gedoen het vir ons voorbeeld. En Hy het hierdie gedoen vir ons voorbeeld. En Hy het voete gewas vir ons voorbeeld.

71 Nou: "Net so ook," 25ste vers:

> *Net so ook die beker ná die ete,* en *met die woorde, Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed: doen dit, so dikwels as* julle *daaruit drink, tot my gedagtenis.*
>
> *Want so* dikwels . . . (Onthou nou!) . . . *Want so* dikwels *as* julle *hierdie brood eet, en hierdie beker drink, verkondig* julle *die dood van die Here totdat Hy* kom. (Hoe lank? "Totdat Hy kom!" Sien? Sien?)
>
> *Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet en hierdie beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en* die *bloed van die Here.*

72 Laat ek net 'n oomblik stop. Die rede waarom hy hierdie gesê het, julle let op in 'n ander vers hier, 'n ander hoofstuk, dat hy gesê het: "Ek verstaan wanneer julle—wanneer julle saamkom en eet, julle selfs dronk word aan die Nagmaaltafel." Hulle het dit misverstaan, julle sien. Hulle het vraatsig ingeklim, sien. Net soos mense maak vandag, net enige soort lewe lei en dit neem. Sien? Hy het gesê: "Julle het huise om in te eet, sien. Maar, hierdie is 'n verordening wat ons moet onderhou, sien." Nou:

> *Maar die mens moet homself beproef, en só van* die *brood eet en uit* die *beker drink.*
>
> *Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie.* (Sien?)

73 Wat is jy? Jy's 'n Christen, jy lewe voor almal as 'n Christen. En as jy dit neem en nie lewe soos 'n Christen nie, onderskei jy

nie die Here se Liggaam nie. Jy plaas ’n struikelblok in iemand anders se pad, sien, omdat hulle sien jy probeer dít doen en dan nie lewe wat jy veronderstel is om te lewe nie. Sien, jy onderskei nie die Here se Liggaam nie. Nou kyk wat dit . . . wat die vloek daarvan is:

> *Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en ’n aantal* is *ontslaap.* (Die regte vertaling van daardie woord, Broer Pearry, is “dood.” Sien? Sien: “’n aantal is dood.”)
>
> *Want as ons—want as ons* onsself *beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie.* (Sien, as ons onsself beoordeel, sal ons nie geoordeel word nie. Sien?)
>
> *Maar as ons geoordeel word, word ons deur die Here getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie.* (Sien, nie enige verbintenis met die wêreld nie.)
>
> *Daarom, my broers, as julle saamkom om te eet, wag vir* die ander. (Sien?)
>
> *En as iemand honger het, laat hom by die huis eet; sodat* julle *nie tot ’n oordeel saamkom nie. Die ander sake* sal ek *reël wanneer ek kom.* (Sien?)

74 Nou, met ander woorde, moenie net kom om dit te neem as ’n . . . Soos ek ’n rukkie gelede gesê het, omtrent wat die Jode, hulle offer, hulle . . . Dit was wonderlik, dit was deur God gegee, maar dit het gekom by ’n plek waar hulle dit nie gedoen het in opregtheid en eerbied en in orde nie, toe het dit net geword ’n . . . dit het ’n—’n stank in Sy neus geword.

75 Nou, dis dieselfde ding as ons kom om die Nagmaal te gebruik, dat, ons moet kom met ’n wete van wat ons doen. Net soos wanneer jy in die water ingaan om gedoop te word in die Naam van Jesus Christus, jy weet wat jy doen, jy sit op die kerk wat God in jou gesit het, Christus.

76 Wanneer ons hierdie neem, wys dit aan die kerk dat: “Ek glo elke Woord van God. Ek glo Hy is die Brood van die Lewe wat van God af, uit die Hemel kom. Ek glo elke Woord wat Hy sê is die Waarheid. En ek leef Daarvolgens, na die beste van my wete, met God as my Regter. Daarom, voor my broers, voor my susters . . . Ek—ek sweer nie, ek vloek nie, ek doen nie hierdie dinge nie, want ek het die Here lief, en die Here weet dit en is my getuie. Daarom, voor julle, neem ek die pakket van Sy liggaam, om te weet dat ek nie veroordeel word saam met die wêreld nie.” Sien, daar is dit, dan is dit ’n seëning.

77 En, onthou, ek kan baie getuienisse gee hieroor, waar ek dit geneem het en dit verduidelik het in ’n siekekamer, en hulle sien gesond word het.

78 Onthou, toe Israel die tipe hiervan geneem het, het hulle veertig jaar in die wildernis gereis, en hulle klere het nie eens geslyt nie, en hulle het uitgekom sonder een sieklike een—een onder hulle, met twee miljoen mense as ’n tipe hiervan. Wel, wat sal die Anti-tipe doen? As die liggaam van ’n offerdier dit vir hulle gedoen het, wat sal die Liggaam van Jesus Christus, Emmanuel, vir ons doen? Laat ons net eerbiedig wees as ons kom. Laat ons net so eerbiedig wees as wat ons weet hoe, om te kom.

Nagmaal AFR65-1212
(Communion)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagaand, 12 Desember 1965, by die Tucson Tabernakel in Tucson, Arizona, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2022 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org